Skrifgedeeltes: Esra 2:70-3:13, Haggai 2:1-5 en Sagaria 4:6-10

Teksverse: Esra 3:11-12

Tema: Wees hoopvol-emosioneel oor die kerk, want aan die Here se liefde is daar geen einde nie!

Wanneer laas het jy emosioneel geraak oor hoe dinge in die kerk lyk? Met "kerk" bedoel ek nie die gebou of institusionele aard van die kerk nie, maar van jou en my: ons as kinders van die Here wat op sekere maniere optree teenoor mekaar en teenoor mense wat buite die kerk staan. Wanneer laas het jy gekyk na hoe ons as christene mense hanteer en God loof en emosioneel geraak? Hetsy deur dalk bitterlik te huil oor hoe dit gaan of deur te jubel en te juig oor al die mooi dinge wat gebeur?

Kerk-wees of gelowige-wees is veronderstel om ons emosioneel te maak, want dit gaan oor verhoudings! In die eerste plek oor jou en my verhouding met God, maar net so belangrik oor my en jou verhouding met mekaar, met die wêreld, met onsself en met die natuur. Dit moet ons óf opgewonde-dankbaar óf hartseer maak, maar in altwee gevalle kan ons altyd hoopvol bly.

Dit is wat ons op `n besonderse manier leer by die volk wanneer hulle begin om na die ballingskap die tempel te herbou. Ons hoor die ouer manne wat die eerste tempel geken het, was bitterlik hartseer en het hardop gehuil oor die tempel se fondamente wat nou gegooi word. Aan die ander kant hoor ons weer dat die jonger geslag, wat nie `n tempel geken het nie, gejubel en gejuig het van vreugde om nou weer `n tempel te hê.

En hoe kon dit vir hierdie jonger mense anders? Vir baie van hulle was dit die eerste keer in hulle lewe dat daar `n moontlikheid bestaan om `n eie tempel te hê waarin hulle God aanbid kan word! Onthou, die volk was vir min of meer 50 jaar sonder `n tempel gewees: dit is nou as mens werk op die tyd tussen die laaste lot ballinge wat Jerusalem verlaat het en die eerstes wat weer terug gekeer het. Vir hierdie jonger geslag was dit `n besonderse geleentheid waar God nou by hulle was, waar hulle Hom kon dien soos wat Hy van hulle vra en waar hulle saam God se teenwoordigheid op `n besonderse manier kon beleef.

Die feit dat die tempel herbou kon word, selfs al was dit net die fondamente, was vir hulle `n besonderse bewys van God se liefde vir hulle. Daarom kan hulle nie anders nie as om te sing: "Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie." Tog was hierdie einste loflied oor die liefde van die Here deel van die ouer mense se trane wat hulle gestort het.

Want sien, op daardie oomblik het hulle terug gedink aan die tyd toe Salomo se tempel nog gestaan het. Hulle was nie hartseer omdat die tempel kleiner was nie; na alle waarskynlikheid was die fondamente weer op die fondamente van die eerste tempel gegooi en was dit dus net so groot soos die eerste tempel. Hulle is hartseer, want in `n oogwink speel `n seremonie by die eerste tempel voor hulle af. Die trompetspelers, die simbale, die liedere wat gesing word, selfs die dag waarop dit plaasvind, het ooreen gestem met die inwyding en die dienste wat daar by die eerste tempel was.

Hulle sien hoe die nuwe fondamente gegooi is en hulle onthou dat die eerste tempel se fondamente deur meesterbouers met die beste stene gelê is. Nou herbou hulle die tempel en gooi weer die fondamente, maar daar is nie `n meesterbouer in sig nie en ook is hulle só arm dat hulle moet gebruik wat hulle in die hande kan kry om die fondamente weer te gooi. Hulle kyk terug en sien dat

daar van die groot nasie Israel, met al sy rykdom en groot konings en besonderse godsdiens, nie veel oorgebly het nie en dat hulle maar `n paar ballinge is wat terug gekom het.

En tog bly die deuntjie draal: "Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie."

Daar is en bly nie `n einde aan die liefde van die Here nie. Daarom, veral vir hierdie ouer geslag, gee die Here deur Haggai en Sagaria twee beloftes oor die herbou van die tempel: God self, sal deur die Heilige Gees by hulle wees en dit is deur die Heilige Gees wat hulle hierdie werk sal kan voltooi. Dit is asof ons hier reeds die woorde kan hoor wat Paulus eeue later gesê het in 2 Korintiërs 12. Daar staan: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom jius tot volle werking wanneer jy swak is."

Dit is was juis omdat die volk eintlik nie in hulleself die vermoë gehad het om die tempel te herbou nie, wat God se grootheid, liefde en genade nog duideliker geword het.

Juis daarom moet hulle nie die dag van klein dingetjies gering ag nie! Hulle moet dit nie miskyk nie en hulle moenie dink dat dit nie iets beteken nie. Dit is juis deur die krag van die Heilige Gees, wat ook op die dae van klein dingetjies in die gelowige aan die werk is, wat die grootheid van God duidelik word. Sien, alhoewel die ouer mans hier by `n stel fondamente gestaan en huil het en die jonger mense by ` n stel fondamente gestaan en jubel en juig het, was dit op hierdie einste stel fondamente waarop `n tempel verrys het.

Was dit op hierdie einste stel fondamente wat `n tempel gestaan het waarin die Messias, Jesus Christus, eeue later sou inkom as jongman om die ouer mans te leer. Was dit uit hierdie einste tempel wat Jesus Christus die geldwisselaars en handelaars gejaag het toe Hy die tempel gereinig het. Was dit hierdie einste tempel se voorhangsel wat geskeur het toe Hy aan die kruis Sy laaste asem uitgeblaas het.

En was dit hierdie einste tempel wat vervang is met `n lewende tempel van mense-stene waarvan ek en jy deel is! Dit is hierdie einste tempel wat weg gevee is en wat maar `n skaduwee was van God se teenwoordigheid wat by die mense sal wees. Nou is ons die tempel van die Here, gebou op die fondemanet van die apostels van die Nuwe Testament! Ons is die ontmoetingspunt tussen God en mens en dit is Jesus Christus wat ons genadiglik in Sy diens gebruik om mense in aanraking met die liefde en genade van God te bring.

Dit is waarom ons kerk is: om `n plek en groep van genade, liefde en ondersteuning te wees. Om iets van God se onvoorwaardelike liefde in Jesus Christus in hierdie wêreld uit te dra. Daarom kan en mag ons emosioneel raak wanneer daar aan die bouwerk van hierdie tempel van die Here geraak word. Wanneer gawes wat die Here in mense aan die kerk gee, skuif en groet en vertrek of vir `n tyd lank rus voor hulle weer dien, kan ons emosioneel raak daaroor, want hierdie tempel, die kerk van die Nuwe Testament, is kosbaar vir die Here! Daar is nie `n einde aan Sy liefde vir ons nie!

Maar dan is ons hoopvol emosioneel, want dit bly die Here se kerk! Ons bly die eiendom van God wat Hy aan ons vasgebind het. Daarom kan ons verseker weet dat God ons sal beskerm en bewaar. Daarom dat ons kan vashou aan die belofte dat Jesus Christus self Sy kerk bymekaar maak. Daarom kan ons vashou aan die belofte van die Here dat die Heilige Gees ons toerus vir ons dienswerk.

Hoe kosbaar is dit om te weet dat `n gemeente dalk predikantloos of een-predikant-minder kan wees, maar nooit Herderloos nie! Christus is immers ons goeie Herder! Hy is ons hoop op die

heerlikheid wat kom! Hy is die Een wat eendag op `n dag van geringe dinge gaan kom om die gerig te bring - `n klein dag wat gaan uitloop op die eindoordeel, die dag wat die Here weer kom, die dag wat die Bruilofsmaal van die Lam gaan aanbreek. Die dag wat God self by ons kom bly!

Kom ons wees daarom altyd hoopvol-emosioneel oor die kerk van die Here, want aan Sy liefde is daar geen einde nie!

Amen